NUUSBRIEF Nr. 19 **Januarie 2017**

www.u3astilbaai.org info@u3astilbaai.org

MAANDELIKSE VERGADERING

Maandag 30 Januarie 2017; 09h00 vir 09h30

Die Waenhuis, Jagersbosch, Stilbaai-Wes.

IRAN : 'N VYF JAAR ONDERVINDING

Stefan Pretorius was verbonde aan die SA Ambassade in Teheran vir ongeveer 5 jaar; hy vertel van sy ondervindinge en ook wat gebeur het tydens die Iranese burger-oorlog in 1979 toe die Sjah van Iran afgesit is, Stefan was vir 6 maande in Iran vasgevang.

Gaste en nie-lede is welkom; toegang is gratis.

DIT EN DAT …

Skemer Praatjies tydens die vakansie seisoen.

Dr Marié Heese praat op 28 Desember oor haar nuwe roman "Maestro". Sy het aan die waarderende gehoor die elemente verduidelik wat gebruik word om historiese romans saam te stel. Sy het ook gepraat oor die slaggate, en die akkuraatheid van detail wat nagevors moet word wanneer jy skryf oor enige geskiedkundige karakter. Die boek is oor die 17-eeuse beeldhouer en argitek, Gianlorenzo Bernini. Daar was ook 'n interessante vertoning van sy boeiende beeldhou werk en argitektuur.

Prof. Hermann Giliomee het sy boek "Historikus – 'n Outobiografie" aan ons bekend gestel op 3 Januarie. Hy praat oor die verskeie benaderings van historici wanneer hul 'n outobiografie skryf, van Edward Gibbons tot die huide. As historikus, politieke wetenskaplike en kampvegter vir Afrikaans, het Giliomee kontak gehad met baie van die leidende politieke figure in Suid-Afrika oor die afgelope 50 jaar, sy interessante komentaar oor politieke verwikkelinge deur die jare het die gehoor geboei.

Jagersbosch Fonds.

By die twee vakansie vergaderings het ons 'n 'hoed' (in werklikheid 'n kartondoos met 'n gleuf bo in!) rondgestuur, en dit het 'n totaal van R850 vir die Jagersbosch Fonds gelewer.

Ons sal weer 'n bottel wyn uitloot by die maandelikse vergadering op 30 Januarie, onthou om R5 te bring vir die uitloting.

Vir 'n volle lys van alle bydraes, sien die 'Jagersbosch Fonds' blad op ons webtuiste: *www.u3astilbaai.org*. Donasies tot die Jagersbosch Fonds van enige lid of organisasie is welkom. Donasies kan by die maandelikse vergadering gemaak word, of kan in ons bankrekening inbetaal word: ABSA Sake Spaarrekening:– Naam: U3A Stilbaai; Nr.: 9321782429; Kode: 632005, vul asseblief 'Jagersbosch Fonds' in as die verwysing; en epos ons by *bank@u3astilbaai.org* om betaling te bevestig.

U3A STILBAAI KURSUSSE

Kursusse is net vir lede. Die volgende kursusse is reeds óf aan die gang óf in beplanning:

- **Kuns vir Beginners** : Teken of verf in medium van u keuse – vergader die eerste Donderdag van elke maand. Kontak Julie op *wilson.julie222@gmail.com*.
- **Stapgroepe** : Die groep stap elke Vrydag oggend. Kontak Cheryl op *cheryl@kmintsa.co.za*.
- **Historiese Toere** : Toere van Stilbaai, Jongensfontein, Riethuiskraal en Melkhoutkraal word beplan, dié sal in die herfs aangebied word wanneer die weer beter is. Getalle vir die toere is beperk – kontak asseblief Hella op *dockel@vodamail.co.za* om aan te dui of u belangstel. Datums en tye sal in Maart finaliseer word.
- **Italiaanse Kookkuns** : Reinette se drie kursusse was baie populêr. Sy sal aanhou met die kursusse, en Euchie Yazbek sal ons wys hoe om moussaka voor te berei. Getalle word beperk tot 8 per kursus. Bespreek asseblief u plek by Stefan op *info@u3astilbaai.org*.
- **Kuns waardering** : Bonnita Davidtsz bied hierdie kursus aan. Kontak haar op *wingover@myconnection.co.za*.
- **Voëlkyk vir beginners**: Hierdie populêre kursus word weer hierdie jaar aangebied. Kontak asseblief vir Johan van Rooyen by *rooyenvanjohan@gmail.com*; getalle word beperk en dié populêre kursus is gou vol.
- **"TED Talks"** : Die TED kursusse sal begin op 18 Januarie met die eerste van drie maandelikse praatjies in die sielkunde vakgebied. Die praatjies sal die derde Woensdag van elke maand om 18h00 in Die Waenhuis aangebied word; dit sal nie langer as 'n uur duur nie. Daar is geen beperking op getalle nie. Kontak Stefan by *info@u3astilbaai.org* vir meer inligting.
  [**TED** is 'n onpartydige beweging sonder winsmotief wat daarop gestel is om idees te versprei, gewoonlik in die vorm van kort, kragtige praatjies. TED het in 1984 begin as 'n konferensie waar Tegnologie, die Vermaaklikheidbedryf en Ontwerp ("**T**echnology, **E**ntertainment & **D**esign") vergader het; vandag dek dit alle vakgebiede – van wetenskap tot sake aangeleenthede tot wêrelds-kwessies. Kry meer inlgting by *www.ted.com*.]

Kontak ons gerus as u terugvoering het oor enige van ons kursusse, of voorstelle het vir nuwe kursusse wat ons kan aanbied. Epos: *info@u3astilbaai.org*.

KOMENDE PRAATJIES ...

Die onderstaande praatjies is vir die volgende paar maande; ons het reed praatjies in plek goed tot in die tweede helfte van die jaar, maar ons onderhandel nog met sommige sprekers oor spesifieke datums.

- 27 Feb 2017: Die Februarie praatjie is oor die Historiese Bergpasse van die Langeberg en Outeniqua berge. Die praatjie dek die tydperk van die 1650's tot 1880 en neem u op 'n toer van 13 interessante passe; meeste is nog in gebruik, maar min mense ken die boeiende geskiedenis van hul ontstaan (hoeveel van julle weet van die 3 bergpasse tussen Riversdal en die Klein Karoo?).
- 27 Mar 2017: Max Döckel gee ons sy jaarlikse ontleding van die regering se begroting en wat dit vir die man op die straat beteken.